

Die Woord van God kan nie geboei word nie

Ons het gisteraand teruggekom van Zimbabwe af en ek brand om jou te vertel hoe ek persoonlik Paulus se woorde in praktyk ervaar het: *"9Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie." (II Tim 2:9)*

Vir die wat nie die vorige terugvoere gekry het nie, net 'n kort opsomming:

My gebede vir 'n naweek bediening is verhoor en ons is die eerste keer verlede Desember Zimbabwe toe. Die Vrydag was daar twaalf mense wat na 25 toe gegroei het die Saterdag. Ons werk met pastore sodat hulle weer dit wat hulle geleer het in hulle gemeentes kan gaan deel. Shinamo, die leier wat my genooi het, het 'n kern rol gespeel om my aanbiedings te vertaal, te verduidelik en prakties te maak vir hulle kultuur. Ons kon 50 Bybels uitdeel en was oorweldig oor die honger en dors na die Woord.

In April het God duidelik gewys Hy is in beheer van ons werk daar. Ons kon klein handboekies, wat 'n oorsig gee oor die Bybel en 60 Bybels saamvat. Die donasies en kostes het met R1 verskil... Die Here voorsien dat Johannes Aucamp kon saamgaan. Hy het die opleiding van die groep Bybelstudies gedoen en Baba Shinamo (Baba = vaderlike respek aanspreek vorm vir iemand jou senior is) het die vertaalwerk gedoen. Die naweek was 'n reuse sukses. Die bywoners het gegroei na 42. Ons het hulle aangemoedig om Bybelstudiegroepe te begin.



Direk na ek teruggekom het, het ek vir iemand gesê die Here het my gebede so direk verhoor, ek gaan nie hierdie keer bid vir 60 Bybels nie, maar vir 100. Haar onmiddellike reaksie was: Is jy seker dis genoeg? En so begin ons bid vir 200 Bybels. Terloops, een Shona Bybel kos R120.

Ek het geroei en stoei met my voorbereiding. Alles was al amper klaar teen die tyd dat ek besef het ek was op die verkeerde pad met my boekies. Die Here wou hê ek moet net met Bybelteks gaan, nie met vooraf neergeskryfde aanbiedings nie. Ek het alles weggegooi en 'n boekie met net Bybelteks in Engels en Shona gemaak. Die Here het toe my twee krukke weggevat: My rekenaar en my notas: Berei voor lees baie, bid en dan sal die Gees jou help om te praat!

So maand gelede, kry ons toe die terugvoer uit Zimbabwe. Daar het 19 nuwe Bybelstudiegroepe ontstaan, ongeveer 200 mense kom weekliks bymekaar in Bybelstudiegroepe – kan ons Bybels bring?

Ons wou nie ons kerk belas hiermee nie, hulle moet reeds fonds insamelings doen om die pot aan die kook te hou. Ons vra hulle net om te bid. Ons vra ook die Bybelstudiegroepe in Zimbabwe om te bid. Ons stuur boodskappies na ons vriende. So twee weke voor ons moes ry het ons ongeveer die helfte van die R25,000 wat ons benodig. Elsabé stuur 'n boodskappie bietjie dieper in haar vriendekring in. Elke aand nog een of twee sms's. Een Bybel hier, twee daar, dan vyf en party skenk selfs tien. Twee dae voor ons moes ry het ons R20,000.

'n Koue en harde korporatiewe besigheid, wat sy verskaffers blatant uitbuit, betaal my geld wat ek al afgeskryf het en ons het al die fondse. Ek glimlag oor die ironie, want die suinige, geldgierige topbestuur sal in hulle hande huil as hulle besef hulle het 40 Bybels geskenk! En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Suné en Elizna spandeer 4 vol dae van die vakansie om vir my 50 boekies te druk en te bind want dis te duur om dit te laat druk. Die vorige keer was die 28 te min, so 50 die keer.

Die Here vat toe nog twee krukke weg. Ek het lankal geweet Johannes kan nie weer saamgaan nie – hy is twee maande in Zambia vir sy bediening daar. Maar Baba Shinamo se ma is ernstig siek. Hy moet haar vat vir scans, hy kan nie kom nie. Hy is die een wat die kultuur kant hanteer en die Shona vertaling doen. Selfs Tinashe, die skoolhoof wat my per whatsapp tydens die kwartaal help met vertaling, moet die Vrydag nog skoolgee, so ek gaan hierdie ding alleen moet aanpak... Alleen? Nee! In vertroue dat dit presies is wat die Here wou hê: Sy Woord word nie deur 'n swak aanbieder geboei nie!

Ek, Elsabé en Marno is Donderdag hier weg. Die kar swaar gelaai met 200 Bybels en 50 boekies. Letterlik tot teen die dak gelaai. Die moeilike spietkop by die weegbrug is erg gefrustreerd oor die gebed wat verhoor is, want ons maak die oorlaai gewigsgrens met 'n paar kilogram te spaar...

By die grenspos is die tou lank. Soos gewoonlik is daar van die manne wat jou probeer oortuig vir 'n fooi dat hulle jou voor indruk. Elsabé verduidelik hom ons sal rustig saam met die ander mense in die tou staan. Haar antwoord maak dat die Shona vrou tjie voor ons met ons begin gesels. Sy moes haar seun oor die grens bring om in Suid Afrika behandel te word – dis onbekostigbaar in Zimbabwe. Uiteindelik lei dit dat sy een van die 200 Shona Bybels saam met haar vat. By customs aan die Zimbabwe kant sien die official ons uitnodigingsbrief en vra vir 'n Bybel. En ons leer ons hoef nie meer bekommerd of haastig te wees om deur die grens te kom nie. Ons werk begin eintlik al daar...

Donderdag laat middag word ons vriendelik ontvang in Zimbabwe, gaan na pastoor Joshua se huis toe en sy vrou skenk aan ons grondboontjies en stampmielies. Ons slaan ons tentjie op by die kerk en eet saam met hulle vleis en pap onder 'n liggie wat deur die sonpaneel gedryf word wat iemand die vorige keer geskenk het.

Vrydag begin die lesings. Ek kyk in verwondering hoe die mense aankom. Meestal met die voet, party met fietse en weer die een bakkie, want hulle kom tot 120 km ver. Saterdag het een aangekom van 600km weg... Die Bybelstudie groepleiers is ook genooi en nog voor ons begin is dit duidelik die 50 boekies is te min! Ons kom ooreen net pastore en groepleiers kry boekies. Die res moet langs hulle sit en saam kyk. Net twee boekies bly oor... En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Ek doen 'n inleidende stukkie oor Timoteus en vra terugvoer oor wat by hulle gebeur het. Groepleiers kom vertel en ek staan verstom. Een jong man vertel wat die hoofstuk oor Kornelius vir hom beteken het. Aangrypend en diep. 'n Ander vertel hoe Josef wat sy broers vergeef het en Jesus wat ons vergeef, het hulle aangespoor het om ook so te vergeef.



Ek vra wat was hulle gootste uitdaging en kry 'n hoendervleis verrassing oor die antwoord. Die gootste uitdaging was dat mense van ander kerke en hulle bure aanvanklik nie ook na hulle Bybelstudie groepe toe wou kom nie. Toe hulle hulle eers verduidelik het dat hulle nie by hulle

kerk hoef in te skakel nie, maar net saam moet kom leer van die Bybel en dit dan terugvat na hulle eie kerke toe, het hulle by hulle ingeskakel. Die gevolg? Waar van die groepe 'n maand gelede 10 groot was, is party nou 30 groot en sal hulle die groepe moet begin verdeel. Die 200 Bybels alweer hopeloos te min. En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!



Ons gehoor vir die naweek: Net oor die tagtig mense, grootliks van die lokale kerk gemeenskap, maar daar is ook katolieke, gereformeerdes, ander tradisionele kerke en self Zioniste.

En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Die Gees werk vers vir vers saam met ons deur I & II Timoteus. 'n Driekwartier per hoofstuk en dan 'n 15 minute breek. Van vroeg oggend tot donker. Hulle wil nie langer breek nie, hulle is te honger vir die Woord. Die feit dat ek nie 'n vertaler het nie, pla nie. Die nuwe boekies werk goed. Soos ek in Engels praat kan hulle in Shona volg want alles is net Bybelteks. Ek kan ook die Shona woorde sien, en probeer hier en daar die Shona woorde gebruik. Hulle geniet die gebroke Shona en die oë blink net nog meer. Selfs taal kan die Woord nie boei nie.

Remember to fight the war. Keep a good conscience, in faith, else...

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20

3As I urged you when I was going to Macedonia, remain at Ephesus so that you may charge certain persons not to teach any different doctrine...
verses 8-11 Either the law or the gospel of the glory of God
Verse 11-17 Christ saves sinners, like you and me, who believes, for eternal life: to Him be the glory!

18 This charge I entrust to you, Timothy, my child, in accordance with the prophecies previously made about you, that by them you may wage the good warfare, 19 holding faith and a good conscience.
By rejecting this, some have made shipwreck of their faith, 20 among whom are Hymenaeus and Alexander, whom I have handed over to Satan: that they may learn not to blaspheme (take the Lord's name in vain) (1 Tim 1:18-20)

Remember to fight the war. Keep a good conscience, in faith, else...

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20

3Sezvandakumbira zvikuru kwauri, ini ndichienda Makedhonia, ndinoti, usare muEfeso, kuti urayire vamwe, varege kudzidzisa dzimwe dzidziso;
1Timoti 1:8-11 mutemo kana shoko rokubwinya kwaMwari.
1Timoti 1:11-17 Kirisitu unoda vatadzi sewe neni vanotenda kunaMwari, ngavakudzwe Mwari

18Basa iri, rakarayirwa, ndinokupa iro, iwe Timoti, mwana wangu, kuti sezvazvakaporofitwa kare pamusoro pako, urwe pfumo rakasaka mazwi;
19wakabata kutenda nehama yakarurama;
Iyo yakarashwa navamwe, vakarashikirwa nokutenda;
20vamwe vavo ndiHimenio naArekizanda, vandakaisa kuna Satani, vadzidzise kuti varege kushonha Mwari. (1 Timoti 1:18-20)

Ons doen een groeps Bybelstudie oor gebed, die stukkie uit Handeling 4:23-31. Hulle is in vyf groepe opgedeel en elke groep moet kom teruvoer gee. Die eerste groep beindruk my. Hulle het nie net die verse gelees wat ek gegee het nie. Hulle het die hele hoofstuk gelees en kan verduidelik wat die agtergrond was vir die stuk wat ons moes bestudeer. Ek moes hulle detail terugvoer stop anders was daar niks vir die ander groepe om te vertel nie. Na die vrou van groep drie se passievolle terugvoer, was al die inhoud al min of meer vertel en so kom dit dat niemand van groep 4 kans sien om op te staan nie. Die eerste drie het so passievol gepraat en eintlik nou alles al gesê. Stilte. Die pastore moedig aan, maar niemand kom na vore nie. Uiteindelik staan een op. Dis 'n man hier in die voorste ry. Terwyl ek aangebied het, het sy oë my opgeval. Diep in die oogkaste en dit bly heeltyd beweeg. Soekend, onrustig amper roepend. Hy mompel 'n vinnige sin terugvoer en gaan sit dadelik. Die ander giggel oor die snaakse terugvoer. Ek wys hulle daarop dat hulle nie moet lag nie, want hulle was nie braaf genoeg om op te staan nie. Ek lig uit dat hulle mooi moet luister na wat hy gesê het. Hy het uitgewys dat God alles vooraf bepaal het (vers 28) wat al die goepe tot dusver gemis het. En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Elsabé het tussenin gaan inloer by die kliniek. Die middele is skraps en basies. Hulle het die meeste van die tyd nie eers hoofpyn pille nie. Suster Government wil asseblief ook 'n Bybel hê. Al 200 is al uitgedeel. Pastor Joshua sê hy sal sorg dat sy een kry. En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Aan die einde van dag een kom Wachani met 'n bekommerde gesig by my aan. Hier is te veel mense. Die "budget" gaan nie werk nie. Ons



kan nog vanaand vir almal kos gee, maar more is 'n probleem. Ek sê ons moet bid. Die Here sal voorsien. So uur later skop my Westerse afgod, geld, in. Ek voel ek moet help met geld vir kos. Ek praat met die lokale pastoor, Joshua, en hy gee die wyse antwoord: Ons moet nie die beginsel breek wat ons van die begin af volg nie. Ons bring net Bybels. Die mense wat kom, moenie leer dat ons ander goed bring nie, want dan kom hulle vir die verkeerde redes. Die Here sal voorsien. Ek het 'n knop in my keel en antwoord: Ons is nie hier vir kos nie. Moenie oor ons bekommer nie – ons almal kan net pap eet tot Sondag. So rukkie later hoor ek in die kerk hoe hulle bid... En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Met een van die breke verduidelik pastor Wachani vir hulle iets in Shona. Ek hoor die woord "budget" en hy sit 'n mandjie op die tafel. Die ou tannetjie in die voorste ry haal 'n verskrompelde R10 uit en gee vir die jonger een langs haar om in die mandjie te gooi. En ek weet ek het vandag die vrou wat haar laaste geldjie gegee het in lewende lywe ontmoet. Ek loop uit want ek wil nie dat hulle die traan in my oog sien nie.

Deur die loop van die dag sien ek 'n jong vrouletjie wat die vorige keer ook daar was. Sy is van 'n ander tradisionele kerk. Die vorige keer het sy met my en Elsabé gesels en ons 'n handgeskrewe papier gewys van vorige opleiding wat sy ondergaan het. Dwaalleer. Ons probeer ons bes om haar daarop te wys sy hoef nie daardie lysie goed te doen nie. Sy kan net God se genade ontvang – dis genoeg. Sy kon net twee lesings bly, so ek was verlig om te sien sy is terug. Haar oë blink. Sy roep haar pastoor en stel hom aan my voor. Sy het hom vertel van die vorige keer en hy het die vol twee dae se opleiding kom bywoon. Sy sê sy is nou 'n Bybelstudie groepleier. Kan sy ook 'n boekie kry? Daar is een oor – dit was bedoel vir haar. En ek besef: God se Woord kan jy nie boei nie!

Net voor sonder Saterdag het ons deur die hele I en II Timotues gewerk. Die mense is uitbundig vreugdevol. Die streeks "overseer" doen 'n bedanking wat vir ons vertaal word. Passievol en opreg dankbaar. Aan God die eer!

Ek onthou ek het nog een "Handbook of the Bible" in my kar. My kop maal deur die moontlikhede vir wie om dit te gee. Ek vra pastor Josua. Hy bied dit aan vir een van die pastore maar hy bevestig hy het al een. Die man met die soekende oë staan langs hom en die oë is so desperaat dat pastoor Joshua die boekie vir hom gee. Ons gesels so bietjie met hom, moedig hom aan om die boekie te lees en weer te kom. Toe ons wegstap sê pastor Joshua vir my hy is 'n Zionis en ek besef hoekom daar nog een boekie oor was: God se Woord kan jy nie boei nie!

Sondagoggend kry ons vir die eerste keer in drie besoeke vleis vir ontbyt. Pastor Wachani straal. Hy herinner my aan my woorde dat ons net moet bid en God sal voorsien. God het voorsien!



Met harte wat oorloop van vreugde het ons die grondpaadjie uit die village huistoe aangepak met Grace se R50 wat sy geskenk het vir koeldrank langs die pad. Die kronkelpaadjie het luidkuils geroep: Ek is die Weg en die Waarheid en die lewe. 'n Takkraal met sy hek herinner: "Ek is die Ingang". En ons weet: Desember as ons terugkom, kom ons met die Johannes Evangelie.

En by die laaste hek van customs, die ingang na ons land toe, helder die customs dame se gesig op as ek haar in haar taal groet. Sy praat terug, ek verstaan nie, maar ek antwoord Mwari wakanaka (dit beteken: God is goed). Die man wat langs my staan om die papiere te kontroleer vra 'n Bybel. Ek het nie nog nie en besef: My kar mag nie weer êrens ry sonder 'n paar spaar Bybels nie: God se Woord kan jy nie boei nie!